# HUIDIGE STATUS VAN AGRI SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING ( AGRI SEB)

12 Februarie 2015

1. Kategorieë
   1.1 Vrygestelde Klein Ondernemings - *Exempted Micro Enterprises:* 0 tot10 Miljoen omset.
   1.2 Kwalifiserende Klein Ondernemings - *Qualifying Small Enterprises*: 0 tot 50 Miljoen omset.
   1.3 Groot Ondernemings - *Large Enterprises:* meer as 50 Miljoen omset.

2. Die Departement van Handel en Nywerheid (DTI) het die bestaande sewe (7) kodes gewysig en verminder na vyf (5) kodes naamlik:

   2.1 Eienaarskap – *Ownership*.
   2.2 Bestuur – *Management*.
   2.3 Vaardighede – *Skills.*
   2.4 Ondernemingsontwikkeling - *Enterprise Development*.
   2.5 Korporatiewe Sosiale Investering- Corporate Social Investment.

3. Agri SA het die afgelope aantal maande by die **Agri SEB Sektor Handves Raad** gepoog om die “Landboukodes” met die bostaande kodes te versoen en die grootste dispuut was waar Landbougrond ter sprake kom. Met betrekking tot eienaarskap stel Agri SA voor dat die keuse beskikbaar moet wees om punte aan te teken deur alternatiewelik grondeienaarskap of eienaarskap van die onderneming toe te ken. Agri SA was wel suksesvol om op aanbeveling van Agri SA se Algemene Raadsvergadering die vorige gewig van 5% van toepassing op Korporatiewe Sosiale Investering, binne die nuwe konsep- kodes verhoog te kry na 15%.

4. Die **Agri SEB Sektor Handves Raad** het afgeteken op die Konsep **“Kode van Goeie Praktyk” -** *Codes of Good Practice* of anders gestel die **“nuwe gewysigde Landboukodes”,** wat nou gepubliseer word vir openbare kommentaar. Die nuwe Landboukodes het egter nog verdere tentakels wat vereis dat produsente van Swart Ekonomies Bemagtigde Maatskappye moet aankoop om punte aan te teken. Agri SA het sterk hierteen beswaar gemaak want waar kry jy voorsieners in Landelike gebiede.

5. Daar is dus tans niks waarmee produsente nou deur Agri SA konkreet en effektief geadviseer kan word nie in afwagting op wat in die publikasie van die nuwe gewysigde Landboukodes verskyn.